NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
MEI 2024

# REKENINGKUNDE: VRAESTEL II

Tyd: 2 uur | 100 punte

## INLIGTINGSBOEKIE

IEB Copyright © 2024

## VRAAG 1 BEGROTINGS [35 punte; 42 minute]

**Die volgende inligting het op La Meme (Edms) Bpk betrekking**

# LA MEME

La Meme (Edms) Bpk is 'n klein maatskappy wat meme's druk op T-hemde wat hulle dan verkoop. Hulle verkoop hul T-hemde aan Mr Price, Jet en 'n paar kleiner winkels op krediet. Hulle het ook opspringwinkels by plattelandse markte en ander geleenthede waar hulle hul T-hemde vir kontant verkoop.

Die maatskappy is geregistreer met Gemagtigde Aandelekapitaal van 2 000 000 gewone aandele. Die finansiële jaar eindig op 28 Februarie elke jaar.

### A. Uittreksel uit die Staat van Finansiële Posisie op 29 Februarie 2024

**Gewone aandeelhouersbelang**

| | |
|---|---|
| Gewone aandelekapitaal (60% van gemagtigde aandelekapitaal) | R1 840 000 |
| Behoue inkomste | R1 280 000 |

### B. Begrote invordering van debiteure van 1 September 2024 tot 30 November 2024

| Maand | Krediet-verkope | Invorderingstydperk 2024 | | | Oninbare skuld | Korting toegestaan |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Sep | Okt | Nov | | |
| Sep | 1 125 000 | 551 250 | 337 500 | 168 750 | 56 250 | 11 250 |
| Okt | 1 137 500 | – | 557 375 | 341 250 | – | 11 375 |
| Nov | 1 375 000 | – | – | 673 750 | – | 13 750 |

### C. Uittreksel uit die kontantbegroting vir 1 September 2024 tot 30 November 2024

| | Sep | Okt | Nov |
|---|---|---|---|
| Surplus/tekort vir die maand | 171 400 | (328 100) | (441 300) |
| Saldo aan die begin van die maand | 623 500 | 794 900 | 466 800 |
| Saldo aan die einde van die maand | 794 900 | 466 800 | 25 500 |

IEB Copyright © 2024

## D. Bykomende inligting

- Debiteure
  - Korting word toegestaan aan debiteure wat in dieselfde maand as die aankoop betaal.
  - Debiteure het 'n totaal van 60 dae om hul skuld te vereffen, waarna dit as oninbaar afgeskryf word.

- 'n Afleweringsvoertuig sal op 1 Oktober 2024 vir R600 000 gekoop word en in 60 gelyke paaiemente vanaf die eerste maand afbetaal word. Waardevermindering op toerusting word voorsien teen 10% per jaar op kosprys.

- La Meme (Edms) Bpk het ongebruikte vloerspasie wat deur Nick's Nacks gehuur sal word vanaf 1 Oktober 2024. Maandelikse huur beloop R75 000. Nick's Nacks het ooreengekom om huur vir Oktober en November 2024 op 1 November 2024 te betaal.

- La Meme (Edms) Bpk het R650 000 belê in 'n vaste deposito wat tesame met die gekapitaliseerde rente op 10 Desember 2024 sal verval.

- Die maatskappy beplan om 'n bykomende 120 000 aandele in Januarie 2025 te verkoop.

IEB Copyright © 2024

**VRAAG 2 MAATSKAPPYONTLEDING [40 punte; 48 minute]**

**Hierdie vraag bestaan uit twee dele, naamlik Deel A en Deel B wat verwant is.**

**DEEL A**

**Die inligting vir hierdie deel van die vraag het op Northam Platinum Beherend Beperk betrekking.**

Northam Platinum Beherend Beperk is 'n mynmaatskappy wat metale soos platinum en palladium ontgin. Hulle verkoop hierdie metale in Suid-Afrika, Europa, Japan, Asië en Noord-Amerika. Dit is in 2020 gestig.

NORTHAM PLATINUM HOLDINGS LIMITED

**A. Aangepas uit die Groephandelstaat vir die jaar:**

| | **2022 R'miljoen** | **2021 R'miljoen** | **% verandering** |
|---|---|---|---|
| Verkoopsinkomste | 34 064 | 32 627 | ↑ 4,4 |
| Koste van verkope | (19 179) | (16 520) | ↑ 16,1 |
| Bruto wins | 14 885 | 16 107 | ↓ 7,6 |

**B. Uittreksel uit die Groepjaarverslag vir 2022:**

## Ons omgewingsimpak

**Northam produseer PGM's – spesiale metale wat kritiek is vir die bereiking van 'n skoner, groener, billiker wêreld.**

Sleutelfokusterreine van ons omgewingsimpak is:

- Koolstofvoetspoor
- Hernubare energie
- Herwinning
- Lugvrystellings
- Waterverbruik

**C. Uittreksel uit die Groepkontantvloeistaat vir 2022:**

| | **R'miljoen** |
|---|---|
| Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite | 11 392 |
| Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite | (12 457) |
| Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite | (1 648) |

IEB Copyright © 2024

**D.**

| | **2022** | **2021** |
|---|---|---|
| Wins voor inkomstebelasting (in R'miljoen) | 13 675 | |
| Wins na inkomstebelasting (in R'miljoen) | 9 846 | |
| Aandeelhouersbelang (in R'miljoen) | 35 967 | 19 015 |
| Gemagtigde aandelekapitaal | 800 000 000 | 800 000 000 |
| Getal aandele uitgereik | 376 533 110 | 383 014 500 |
| Opbrengs op gemiddelde aandeelhouersbelang | ? | 26,24% |
| Verdienste per aandeel | 26 149 sent | 24 495 sent |
| Dividende per aandeel | 0 sent | 158 sent |
| Skuld tot ekwiteit | 0,67 : 1 | 0,55 : 1 |
| Opbrengs op kapitaal aangewend | 28,5% | 27,2% |
| Gemiddelde rentekoers op lenings | 10% | |
| Gemiddelde koers van vaste deposito | 6,5% | |

## DEEL B

**E.** **Die inligting vir hierdie deel van die vraag verskaf 'n vergelyking tussen Northam Platinum Beherend Beperk en Royal Bafokeng Platinum Beperk vir 2022.**

| | **Northam Platinum Beherend Beperk** NORTHAM PLATINUM HOLDINGS LIMITED | **Royal Bafokeng Platinum Beperk** ROYAL BAFOKENG PLATINUM MORE THAN MINING |
|---|---|---|
| Jaar wat die maatskappy begin het | 2020 | 2008 |
| Opbrengs op gemiddelde aandeelhouers-belang | *Vraag 2.8* | 13,5% |
| Verdienste per aandeel | 26 149 sent | 11 443 sent |
| Dividende per aandeel | 0 sent | 780 sent |
| Netto batewaarde | 9 552 sent | 8 503 sent |
| JSE-prys op laaste dag van jaar | 16 701 sent | 15 425 sent |
| Skuld tot Ekwiteit | 0,67 : 1 | 0,1 : 1 |
| Opbrengs op kapitaal aangewend | 28,5% | 11,3% |
| Gemiddelde rentekoers op lenings | 10% | 10% |

## VRAAG 3 VERSOENINGS [25 punte; 30 minute]

**Inligting aangaande Gas Monkey Garage**

Gas Monkey Garage is 'n tussenganger (skakel tussen produsent en verbruiker) vir motorfietse. Hulle koop motorfietse by AMID Invoerders op krediet.

Hulle het 'n ooreenkoms met Harley Davidson SA om sy agentskappe van motorfietse te voorsien. Die agentskappe het 45 dae om hul rekeninge by Gas Monkey Garage te vereffen.

**Deel A – Debiteure**

**Let wel:** Die beginsaldo van R519 000 op die staat hieronder bestaan uit R410 400 wat op 15 Maart 2024 gekoop is en die res is op 4 April 2024 gekoop.

**Gas Monkey Garage**
Atlasweg 103
Boksburg
1923

Harley Davidson SA
Catherine Close, Sandton

Rekeningno.: 2469
Staatdatum: 27 Mei 2024

| DATUM | | TRANSAKSIES | DEBIET | KREDIET | SALDO |
|---|---|---|---|---|---|
| Mei | 01 | Beginsaldo | | | 519 000 |
| | 05 | Faktuur 1505 | 669 600 | | 1 188 600 |
| | 06 | Kredietnota 245 | | 19 200 | 1 169 400 |
| | 07 | Kwitansie 720 | | 180 000 | 989 400 |
| | 07 | Korting | | 14 400 | 975 000 |
| | 13 | Faktuur 1802 | 1 069 200 | | 2 044 200 |
| | 19 | Kwitansie 990 | | 326 000 | 1 718 200 |
| | 26 | Kredietnota 880 | | 50 400 | 1 667 800 |

| 60+ dae | 30+ dae | Huidig |
|---|---|---|
| –R54 000 | R39 000 | 1 138 800 |

**Kredietbepalings:**

- Alle skuld moet binne 45 dae na die datum van die staat vereffen word.
- 'n Vereffeningskorting van 8% op betalings word gegee indien betalings binne 30 dae van aankoop gedoen word.

IEB Copyright © 2024

## Deel B – Krediteure

Gas Monkey Garage het 'n rekeningstaat van sy verskaffer AMID Invoerders ontvang. Die staat is gedateer 31 Mei 2024. Die staat dui 'n debietsaldo van R873 800 aan.

Volgens die Krediteuregrootboek van Gas Monkey Garage is 'n bedrag van R320 600 aan AMID Invoerders verskuldig.

Die volgende foute en weglatings is opgemerk toe die rekeningstaat met die Krediteuregrootboek vergelyk is:

(a) Faktuur 3228 van R180 000, gedateer 15 Mei 2023, is weggelaat op die rekeningstaat.

(b) Faktuur 3560 hou verband met goedere wat gekoop is tydens 'n spesialekortingaanbod van 30% vir Vadersdag deur AMID Invoerders. Die faktuur toon 'n bedrag betaalbaar van R67 200 (wat die kortingsprys weerspieël). Dit is egter teen die normale koopprys in die rekeningkundige rekords van Gas Monkey Garage vasgelê.

(c) Kredietnota 503 vir R50 000 is gedebiteer op die staat op 18 Mei 2024.

(d) Faktuur 3788 vir R80 400 is op 21 en 22 Mei 2024 op die staat opgeteken, maar korrek (en slegs een keer) in die rekening van AMID Invoerders opgeteken.

(e) 'n EFO van R320 000 is op 25 Mei 2024 deur Gas Monkey Garage gedoen, maar dit word nog nie op die staat weerspieël nie.

(f) Die staat weerspieël faktuur 3840 vir R261 600. Die faktuur moet op 5 Junie 2024 deur Gas Monkey Garage verwerk word. Die datum op die ooreenstemmende afleweringsnota en goedere ontvang-nota wat deur Gas Monkey Garage onderteken is, dui die afleweringsdatum egter aan as 31 Mei 2024.

(g) Die boekhouer van Gas Monkey Garage is daarvan oortuig dat hy 'n betaling van R88 000 op die aanlyn bankplatform gelaai het vir **31 Mei 2024**. 'n Ondersoek het bevind dat die betaling wel deur die aanlyn bankrekening gegaan het. Geen boekhoudingsinskrywings is gemaak nie.

IEB Copyright © 2024